Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Pub

# BOEKBESPREKING

**Inleiding in de Kinisiologie van de Mens**—Dr. R. H. Rozendal. Uitgeverij Stam-Kemperman N.V., Culemborg, Holland. Prys: R10.40.

Die laaste tyd het daar in Holland nogal heelwat boeke op die mark gekom wat van belang mag wees vir fisioterapeute. Dit is ook die geval met bogenoemde boek.

Soos die voorwoord sê, kan hierdie boek gebruik word by die opleiding van dokters, fisioterapeute, arbeidsterapeute, ens. Omdat kinesiologie 'n moeilik-af-te-perk gebied van wetenskap is, het die skrywer hom bepaal tot 'n inleiding in kinesiologie en gee hy aan die einde van die boek vir elke hoofstuk 'n lys van boeke vir studente wat geïnteresseerd is om van bepaalde onderwerpe meer te weet.

Die boek is in twee dele verdeel. In die eerste deel word eers 'n uiteensetting gegee van wat met kinesiologie bedoel word, waarná hoofstukke volg oor sitologie en histologie die skelet, vegetatiewe stelsels, sindesmologie, myologie en die senuweestelsel. Op meestal begrypelike wyse en aan die hand van baie tekeninge word uiteengesit wat elke vak behels en wat sy plek in die geheel is. Na my mening kon die skrywer op sommige punte ietwat duideliker gewees het.

In die tweede deel word die funksionele anatomie van die arm, been en romp behandel, terwyl die boek afsluit met 'n hoofstuk oor houding, balans, ens. en 'n hoofstuk oor die kinesiologie van loop. Ook hier word die teks verduidelik deur 'n groot aantal tekeninge. Die senuweevoorsiening en wortelwaarde van die spiere is in twee tabelle vasgelê. Miskien sou dit goed wees as hierdie wortelwaarde ook by die bespreking van elke spier afsonderlik gegee word.

Aan die einde van elke hoofstuk is daar 'n hele paar vrae oor die stof wat behandel is, sodat die student kan toets wat hy geleer het. Uit die oogpunt van studie lyk dit vir my baie belangrik. Oor die algemeen het die skrywer daarin geslaag om in 'n hanteerbare boek 'n oorsig te gee van die konesiologie van die mens, en kan die studente in fisioterapie en ander paramediese beroepe voordeel trek uit die bestudering van hierdie boek. Wel is dit noodsaaklik dat van 'n anatomieatlas gebruik gemaak word. Druk en uitvoering van die boek is uitstekend.

B. GOEDHART

---

## SOUTH AFRICAN SOCIETY OF PHYSIOTHERAPY

CHRISTMAS GREETINGS were received from the following countries:

Australia, Austria, Belgium, Canada, Denmark, Great Britain, Iceland, Japan, Netherlands, New Zealand, Nigeria, Norway, Switzerland, Western Germany, Uraguay, Sweden.

GREETINGS were also received from the following:

All the Branches of the S.A.S.P., Mrs. E. Carroll, Miss M. Catt, Mr. and Mrs. C. Deacon, Mrs. A. Hodges, Miss S. Oosthuizen, Pretoria Physiotherapy College, Mr. and Mrs. A. Rothberg, Miss B. Setzer, Miss M. Sternweiler, S.A. Medical and Dental Council, S.A. Medical Congress, S.A. National Council for the Welfare of the Aged.